Kraggakamma Gemeente
Ons is God se fontein van liefde

WELKOM | Groot op genade

"Die Here is ons Herder..."

Kuberkamma

1 Maart 2020

Psalm 121 vers 2 (NLV)

"Nee, my hulp kom van die Here, wat hemel en aarde gemaak het."

Vertoon die e-pos nie korrek nie? **Klik hier om die nuusbrief eerder op die internet te lees.**

Program vir die Dag

08h30 Eietydse Diens
09h45 Kategese
10h00 Klassieke Diens
Die deurdankoffer gaan vir **Gideons.**

Program vir die Week

2 Maart	09h30	Nagmaal by Kraggakamma Uitspanning
3 Maart	11h00	Nagmaal by Stella Londt
	19h00	Leef@Kerk
4 Maart	10h00	Nagmaal by CP Bradfield
6 Maart	05h00	Mannebyeenkoms te Lilylaan 65
	05h45	Wêreldbiddag vir Vroue
7 Maart	06h00	Wêreldbiddag vir Mans

Die kommunikamma is van Saterdae op die webwerf beskikbaar.

Nuusbrokkies

Sake vir gebed

Lees asseblief biddend die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

Kraggakamma Gemeente

Kraggakamma Gemeente vier hierdie maand haar 47ste bestaansjaar! Ons dank die Here vir 47 jaar van genade!

#Imagine 27 tot 29 Maart 2020

Tiener registrasievorms vir #Imagine is op die webwerf beskikbaar.

There4-Bedieninge

Bid saam met Christene in Pakistan wat beskuldig word van godslastering, dat dit nie met geweld sal gepaardgaan nie en dat hulle sterk sal staan te midde van hierdie gevaarlike verhore. ***Foto***

Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

1 Maart	Johan Blom en Janine Viljoen
2 Maart	Ria Bezuidenhout en Fran Buchner
3 Maart	Alessandra Esterhuyse, Sumari Pretorius, Leon Rheeder, Hermione Strydom, Altus van Heerden, Jan-Pieter van Heerden, Stefan van Ryneveld en Ignatius Verwey
4 Maart	Etienne Nel, Jansje Verwey en Altha Watkins
5 Maart	Blanche Meiring, Dané Scheepers en Willy Wilson
6 Maart	Christo Grobler, Lisa Grobler, Edna Rademeyer en Ané van der Mescht
7 Maart	Wakki Burger, Annette Kritzinger, Jan Schnetler en Patrick Sharp

Padkos

Genade hou aan vergeef

Petrus dink hy vat godsdiens na nuwe plekke toe daar in in Matteus 18. Hy stel naamlik voor om die vergifnis-limiet vanaf drie keer na sewe keer te verhoog. Dit is meer as dubbeld wat godsdienstiges bereid was om te doen. Wat 'n "ruim" aanbod van die kant van Petrus aan Jesus! Nou gaan godsdiens vooruit! Of dalk nie. Jesus is nie beïndruk met Petrus se vergifnis-opgradering nie. Hy vertel dadelik vir sy dissipels 'n gelykenis van 'n man wat tienduisend talente aan 'n koning verskuldig was. Om dit in perspektief te stel- die gesamentlike belastingskuld van die provinsies van Judea en Galilea aan Rome in die eerste eeu was seshonderd talente per jaar. Hierdie man skuld dus letterlik honderde miljoene rande. Toe hy berou het omdat hy nie kan betaal nie, kry die koning hom jammer en skryf sy skuld af. So is God. Ons skuld Hom miljoene, maar een opregte daad van berou vee dit alles uit. Maar dan moet ons ook genade betoon aan mekaar. So vertel Jesus ook. Ons moet nie soos hierdie man in Jesus se gelykenis wees wat daarna steeds genadeloos teenoor ander opgetree het nie. God vergewe ons onvoorwaardelik. Ons leef ook so teenoor mekaar.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert http://www.ekerk.org/]

Kubergroete tot volgende keer

Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. www.getsnapscan.com